basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V1

## FEBRUARIE/MAART 2016

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: DIE KOUE OORLOG: DIE OORSPRONG VAN DIE KOUE OORLOG

   VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – ANGOLA

   VRAAG 3: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: BURGERREGTEBEWEGING

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

   VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLE-STUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË

   VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: SWARTMAGBEWEGING

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te bestee.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

### VRAAG 1: WAAROM HET DIE DUITSE DEMOKRATIESE REPUBLIEK IN 1961 BESLUIT OM DIE BERLYNSE MUUR TE BOU?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Gebruik Bron 1A.

1.1.1 Maak 'n lys van VIER gebeure, volgens die inligting in die bron, wat Oos-Duitsland as dade van aggressie deur Wes-Duitsland beskou het. (4 x 1) (4)

1.1.2 Identifiseer die TWEE opponerende militêre alliansies wat in hierdie bron genoem word. (2 x 1) (2)

1.1.3 Verduidelik waarom die Oos-Duitse regering geglo het dat dit nodig was om die Berlynse Muur in 1961 te bou. (2 x 2) (4)

1.1.4 Lewer kommentaar op of jy die inligting in hierdie bron as betroubaar sou beskou in die konteks van die Duitse Demokratiese Republiek se besluit in 1961 om die Berlynse Muur te bou. (2 x 2) (4)

1.2 Verwys na Bron 1B.

1.2.1 Kies TWEE woorde uit die bron wat die ekonomie van Wes-Duitsland in 1961 die beste beskryf. (2 x 1) (2)

1.2.2 Definieer die begrip *kapitalisme* in die konteks van die bewyse in die bron. (1 x 2) (2)

1.2.3 Waarom, dink jy, het die Verenigde State van Amerika '$600 miljoen in Wes-Berlyn gestort'? Ondersteun jou antwoord met relevante bewyse. (2 x 2) (4)

1.2.4 Verduidelik waarom drie miljoen mense vanaf 1949 besluit het om na Wes-Duitsland te ontsnap. (2 x 2) (4)

1.2.5 Gee TWEE redes waarom Wes-Berlyn as strategies belangrik vir die Verenigde State van Amerika beskou is. (2 x 1) (2)

Kopiereg voorbehou 

1.3 Bestudeer Bron 1C.

1.3.1 Met verwysing na die visuele leidrade in die bron, watter boodskap word deur die spotprent oorgedra oor die lewe in:

(a) Wes-Duitsland (1 x 2) (2)

(b) Oos-Duitsland (1 x 2) (2)

1.3.2 Verduidelik hoe die spotprent 'n eensydige prentjie oor die lewe in beide Wes- en Oos-Duitsland skets. Ondersteun jou antwoord deur die visuele leidrade in die bron te gebruik. (2 x 2) (4)

1.4 Raadpleeg Bron 1D.

1.4.1 Noem enige TWEE bewysstukke in die bron wat te kenne gee dat die mense wat in Oos-Duitsland gebly het, ontevrede was met die regering se ekonomiese beleid. (2 x 1) (2)

1.4.2 Verduidelik die stappe wat die Oos-Duitse regering gedoen het om die ineenstorting van die land se ekonomie te voorkom. (2 x 2) (4)

1.5 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik waarom die Duitse Demokratiese Republiek in 1961 besluit het om die Berlynse Muur te bou. (8)

**[50]**

**VRAAG 2: WAAROM HET SUID-AFRIKA EN KUBA NA 1975 BY DIE KOUE OORLOG IN ANGOLA BETROKKE GERAAK?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Noem TWEE lande wat Vorster vir Suid-Afrika se ingryping in Angola blameer het. (2 x 1) (2)

2.1.2 Waarom, volgens Vorster, het Suid-Afrika by die Koue Oorlog in Angola betrokke geraak? Gee DRIE redes vir jou antwoord. (3 x 1) (3)

2.1.3 Lewer kommentaar op die manier waarop die inligting wat in paragraaf 2 oor Suid-Afrika se betrokkenheid by die Koue Oorlog in Angola gegee word, teenstrydig is met Vorster se bewering in paragraaf 1. (2 x 2) (4)

2.1.4 Identifiseer TWEE Afrikaleiers in die bron wat die Suid-Afrikaanse Weermag se besluit om die FNLA en UNITA by te staan, gesteun het. (2 x 1) (2)

2.2 Raadpleeg Bron 2B.

2.2.1 Watter boodskappe dra die spotprenttekenaar oor met betrekking tot die aard van buitelandse inmenging in Angola? Gebruik die visuele leidrade in die bron om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)

2.2.2 Verduidelik die beperkings van die bron vir 'n historikus wat die rol van buitelandse inmenging in Angola tussen 1975 en 1976 bestudeer. (2 x 2) (4)

2.3 Bestudeer Bron 2C.

2.3.1 Hoe het Suid-Afrika gereageer op die Weste en swart Afrikabondgenote se gebrek aan 'openlike ondersteuning' vir sy terugtrekking uit Angola in 1975? (1 x 2) (2)

2.3.2 Verduidelik waarom Vorster nie bereid was om te bevestig of Amerika Suid-Afrika gedurende die Koue Oorlog in Angola gesteun het nie. (2 x 2) (4)

2.3.3 Kies bewyse uit die bron wat te kenne gee dat die Amerikaanse regering Suid-Afrika se militêre operasie in Angola in 1975 gesteun het. (2 x 1) (2)

2.3.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik wat De Borchgrave bedoel het met die bewering dat 'gematigde swart presidente in Afrika hulle goedkeuring vir die operasie gegee het' in die konteks van gebeure wat tussen 1975 en 1976 in Angola plaasgevind het. (2 x 2) (4)

2.4 Lees Bron 2D.

2.4.1 Watter Afrikaland (behalwe Suid-Afrika) het troepe na Angola gestuur om teen die MPLA te veg? (1 x 1) (1)

2.4.2 Waarom het Fidel Castro die Verenigde State van Amerika daarvan beskuldig dat hulle die oorlog in Angola aangehits (veroorsaak) het? Ondersteun jou antwoord met relevante bewyse uit die bron. (2 x 2) (4)

2.4.3 Verduidelik waarom jy dink leiers van Fidel Castro se party gemeen het dat dit nodig was om die MPLA te ondersteun. (2 x 2) (4)

2.4.4 Haal woorde uit die bron aan wat Castro gebruik het om die volgende aan te dui:

(a) Steun vir die Angolese troepe (1 x 1) (1)

(b) Vyandigheid teenoor die Suid-Afrikaanse troepe (1 x 1) (1)

2.5 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik waarom Suid-Afrika en Kuba ná 1975 by die Koue Oorlog in Angola betrokke geraak het. (8)

**[50]**

**VRAAG 3: HOE HET AMERIKANERS OP DIE INTEGRASIE VAN CENTRAL HIGH SCHOOL IN LITTLE ROCK, ARKANSAS, IN 1957 GEREAGEER?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Lees Bron 3A.

3.1.1 Verduidelik die term *integrasie* in die konteks van die gebeure wat in 1957 by Central High School plaasgevind het. (1 x 2) (2)

3.1.2 Hoe het lede van die raad by Central High School op die beslissing van die Federale Hof gereageer? (1 x 2) (2)

3.1.3 Beskryf in jou eie woorde hoe Prinsipaal Matthews verwag het dat leerders by Central High School hulle moes gedra. (2 x 2) (4)

3.1.4 Hoe, volgens die inligting in die bron, het Central High School gehoop om hulle reputasie as een van die toonaangewende openbare hoërskole in die VSA te behou? (1 x 2) (2)

3.2 Verwys na Bron 3B.

3.2.1 Waarom, dink jy, is hierdie foto geneem? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2 x 2) (4)

3.2.2 Verduidelik wat daartoe gelei het dat die wit Amerikaanse leerders uit Central High School gestap het. (1 x 2) (2)

3.3 Verwys na Bron 3A en 3B. Lewer kommentaar op die maniere waarop die wit Amerikaanse leerders se optrede in Bron 3B strydig is met die inhoud van die bulletin in Bron 3A. (2 x 2) (4)

3.4 Bestudeer Bron 3C.

3.4.1 Haal bewyse uit die bron aan wat te kenne gee dat mev. Helen Conrad die integrasie by Central High School ondersteun het. (1 x 1) (1)

3.4.2 Maak 'n lys van DRIE dinge in die bron wat daarop dui dat Robin Woods anders as haar klasmaats was. (3 x 1) (3)

3.4.3 Op watter manier is die 'sosiale kode' by Central High School geskend? (1 x 2) (2)

3.4.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom jy hierdie historiese bewysstuk as bruikbaar sou beskou vir 'n historikus wat oor die Little Rock-nege se ervarings by Central High School navorsing doen. (2 x 2) (4)

3.5 Verwys na Bron 3D.

3.5.1 Waarom het Ernest Green die feit dat hy aan Central High School gematrikuleer het, as van besondere belang beskou? (2 x 1) (2)

3.5.2 Wat het Ernest Green bedoel met die bewering dat hy 'deur 'n muur gebreek het'? (2 x 2) (4)

3.5.3 Hoe het mense wat die plegtigheid by Central High School bygewoon het, gereageer toe Ernest Green sy diploma ontvang? (1 x 2) (2)

3.5.4 Verduidelik, in jou eie woorde, Ernest Green se houding nadat hy sy diploma ontvang het. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe Amerikaners in 1957 op die integrasie van Central High School in Little Rock gereageer het. (8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling.

Jou opstel behoort ongeveer DRIE bladsye lank te wees.

### VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

Die Noord-Viëtnamese en die Nasionale Vryheidsfront (Viëtkong) het geveg om hulle land van Amerikaanse inmenging te bevry. Dit was waarskynlik die hoofrede waarom die Amerikaners nie daarin kon slaag om hulle te oorwin nie.

Bespreek hierdie bewering krities in die konteks van die oorlog wat tussen 1963 en 1973 in Viëtnam geveg is. **[50]**

### VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË

Verduidelik in watter mate die leierskap van Mobutu Sese Seko en Julius Nyerere 'n uitwerking op politieke en ekonomiese ontwikkeling van beide die Kongo en Tanzanië ná die verkryging van onafhanklikheid gehad het. **[50]**

### VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: SWARTMAGBEWEGING

Die Black Panther-party was alleen verantwoordelik vir die opkoms van 'Swart Mag' in die Verenigde State van Amerika in die 1960's.

Stem jy saam met die stelling hierbo? Gebruik relevante voorbeelde om jou argument te ondersteun. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

# GESKIEDENIS V1

**FEBRUARIE/MAART 2016**

**ADDENDUM**

**Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 1: WAAROM HET DIE DUITSE DEMOKRATIESE REPUBLIEK IN 1961 BESLUIT OM DIE BERLYNSE MUUR TE BOU?

### BRON 1A

Die volgende bron, getiteld 'What you should know about the Wall' ('Wat jy van die Muur moet weet'), is uit 'n brosjure geneem wat in 1962 gepubliseer is. Dit is deur die Oos-Duitse regering opgestel en gee die redes vir die bou van die Berlynse Muur. Dit is in Engels gepubliseer en was bedoel vir verspreiding in die buiteland.

[Die Muur] was die gevolg van baie jare se gebeure in Wes-Duitsland en Wes-Berlyn. Kom ons kyk weer na die voorafgaande gebeure: In 1948 is 'n aparte geldeenheidshervorming in Wes-Duitsland en Wes-Berlyn ingestel. Die Wes-Duitse reaksionêre (verkramptes) het daardeur Duitsland en selfs Berlyn in twee geldeenheidgebiede verdeel.

Die Wes-Duitse separatistiese staat is in 1949 gestig. Bonn (die hoofstad van Wes-Duitsland) het daardeur die streeksgrens in 'n landsgrens verander.

In 1954 is Wes-Duitsland by NAVO (die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie) ingesluit.

Die besluit om die Wes-Duitse Bundeswehr (Duitse weermag) met atoomwapens te bewapen, is in 1958 geneem. Bonn het dus aangehou om die situasie in Duitsland en Berlyn te vererger ...

Ons het meer as eenhonderd voorstelle ingedien vir 'n ooreenkoms dat atoomwapens laat vaar moet word en dat die twee Duitse state hulle uit NAVO of die Warskouverdrag moet onttrek. Indien sake volgens ons voorstelle verloop het, sou die situasie in Duitsland nie vererger het nie en sou daar gevolglik nie 'n muur gewees het nie ...

Ons wou nie langer passief staan en toekyk hoe dokters, ingenieurs en geskoolde werkers aangemoedig word ... om hulle veilige bestaan in die DDR (Duitse Demokratiese Republiek) prys te gee om in Wes-Duitsland of Wes-Berlyn te gaan werk nie. Hierdie en ander manipulasies het die DDR jaarlikse verliese van tot 3,5 miljard mark gekos.

Maar ons het iets baie belangriker met die muur voorkom: dat Wes-Berlyn die beginpunt van militêre konflik sou word.

[Uit http://research.calvin.edu/german-propaganda-archive/schlugs13.htm. Toegang verkry op 27 Februarie 2015.]

**BRON 1B**

Hierdie bron is in 1961 deur DF Fleming, 'n Amerikaanse historikus, geskryf. Dit beskryf die ekonomiese voorspoed en politieke vryheid wat duidelik in Wes-Berlyn te sien was. Dit bespreek in breë trekke die redes vir die oprigting van die Berlynse Muur.

Teen 1961 was Wes-Berlyn 'n glansryke voorpos van kapitalisme, weelderig (ryk) in vergelyking met Oos-Berlyn, vooruitstrewend (suksesvol), bedrywig (besig). Die Verenigde State het $600 miljoen in Wes-Berlyn gestort. Wes-Duitsland het ook aansienlik bygedra om dit 'n skitterende voorbeeld van ons lewenswyse te maak ...

Die ekonomiese vergelyking was erg genoeg, maar die vergelyking tussen individuele vryheid in Wes-Berlyn en die gedissiplineerde, streng polisiebeheer daarrondom was die ergste. Die kontras het veroorsaak dat 300 000 Oos-Duitsers elke jaar na Wes-Berlyn verdwyn het en van daar na Wes-Duitsland gevlieg het. Dit was meestal jong, begaafde, opgeleide en professionele mense, 'n uittog wat nie onbepaald (vir ewig) verdra kon word nie ... Sedert 1949 het 3 miljoen mense deur dié ontsnaproete weggekom en die bevolking het begin afneem.


Wes-Berlyn het ook die grootste kombinasie spioenasie (spioen- of geheime diens) -agentskappe ooit op een plek bymekaar gehad. Dit was 'n byna ongelooflike meevaller (vir die Weste) om operasies in moderne 'intelligensie', sabotasie ingesluit, 110 myl (200 kilometer) binne 'die vyand se gebied' uit te voer. Westerse radiostasies en al die ander propaganda-afdelings het dieselfde voordeel gehad.

Om al hierdie redes was Wes-Berlyn soos 'n diep sweer ('n gevaarlike wond) vir die Ooste.

[Uit *The Cold War and its Origins* deur DF Fleming]

**BRON 1C**

Hierdie spotprent is in 1961, voordat die Berlynse Muur gebou is, in 'n Oos-Duitse tydskrif, *Eulenspiegel,* gepubliseer. Dit toon 'n Oos-Duitse werker wat na Wes-Berlyn vlieg op soek na 'n beter lewe. Die boodskap in die spraakborrel is vertaal en oorgetik ter wille van duidelikheid.




[Uit http://research.calvin.edu/german-propaganda-archive/eule61.htm. Toegang verkry op 27 Februarie 2015.]

**BRON 1D**

Hierdie uittreksel fokus op die korttermynredes vir Oos-Duitsland se besluit om die Berlynse Muur te bou.

... Die gedwonge beleid van kollektivisering ('n beleid waar privaat grond as staatseiendom onteien is) in Oos-Duitsland was rampspoedig; daar was gevolglik 'n massiewe toename in die getal vlugtelinge wat weswaarts deur die oop grens in Berlyn gevlug het.

In 1960 het 199 000 gevlug en in die ses maande tot Junie 1961, 'n verdere 103 000. Teen Junie 1961 het verslae van die Stasi (die Oos-Duitse veiligheidspolisie) by regeringskantore ingestroom oor onrus en ontevredenheid in die fabrieke …

Die stortvloed vlugtelinge wat hierdie beleid veroorsaak het, het die sluiting van die grens in Berlyn onvermydelik gemaak om te voorkom dat die DDR ineenstort. Ulbricht (die Oos-Duitse leier) het uiteindelik by die vergadering van die Warskouverdrag-lande (die USSR en sy bondgenote in Oos-Europa) op 3 tot 5 Augustus 1961 toestemming hiervoor verkry.

Die operasie is goed beplan deur Honecker, die minister verantwoordelik vir veiligheid, en is in die vroeë ure van 13 Augustus uitgevoer. Aanvanklik het die 'antifascistiese beskermende muur' (die naam wat deur die Oos-Duitse owerheid aan die Berlynse Muur gegee is) hoofsaaklik uit doringdraad bestaan, maar dit is baie gou met 'n meer permanente betonstruktuur vervang.

[Uit *Germany from Defeat to Partition 1945–1963* deur D Williamson]

## VRAAG 2: WAAROM HET SUID-AFRIKA EN KUBA NA 1975 BY DIE KOUE OORLOG IN ANGOLA BETROKKE GERAAK?

### BRON 2A

Hierdie bron fokus op 'n toespraak wat in 1976 deur die Suid-Afrikaanse Eerste Minister, BJ Vorster, in die Volksraad gelewer is. Vorster het die redes vir Suid-Afrika se ingryping in die Koue Oorlog in Angola geskets.

In Januarie 1976 het Vorster (Suid-Afrika se Eerste Minister) in die Volksraad die blaam vir Suid-Afrika se ingryping in Angola vierkantig op die skouers van die Russe en Kubane geplaas: 'Ons betrokkenheid was die gevolg van Russiese en Kubaanse inmenging. As hulle Angola nie binnegeval het nie, as hulle nie aan hierdie saak deelgeneem het nie, as hulle nie probeer het om die hele Angola omver te werp (ondermyn) en om sy mense te onderdruk (in te perk) nie, sou Suid-Afrika Angola nooit binnegeval het nie ... Ons het ingegaan om Kuba en die MPLA van die damme (Ruacana en Calueque) af te verdryf.'

Daar is geen twyfel dat die ondersteuning wat die Russe en die Kubane in die vorm van wapens en opleiding aan die MPLA gegee het, in 'n mate bygedra het om Suid-Afrika se ingryping te motiveer nie, maar dit is onwaarskynlik dat dit so 'n deurslaggewende rede was as wat Vorster geïmpliseer het. Dit was Swapo, nie die Kubane en die MPLA nie, wat die twee damme tussen Ruacana en Calueque bedreig het. Die hoofrede vir Suid-Afrika se ingryping in Angola was nie die teenwoordigheid van Russe en Kubane nie, maar die begeerte om te voorkom dat 'n vyandige MPLA-regering aan bewind kom. Toe Suid-Afrikaanse troepe vroeg in Oktober Angola begin binneval, was daar amper geen Russe nie en net 'n paar Kubane in die land.


Daar is ook bewyse dat President Kaunda van Zambië en President Mobutu van Zaïre, wat nie een die MPLA goedgesind was nie, Suid-Afrika se ondersteuning van die FNLA en UNITA verwelkom het.

... Suid-Afrika se optrede het hom progressief (meer en meer) dieper in die Angolese oorlog ingetrek ... Generaal Hendrik van den Bergh is na Frankryk gestuur om wapens ter waarde van R20 miljoen vir die FNLA en UNITA te koop ... Suid-Afrikaanse instrukteurs het begin om FNLA- en UNITA-soldate in die suide van Angola op te lei.

[Uit *South Africa in the 20th Century* deur BJ Liebenberg en SB Spies (redakteurs)]

**BRON 2B**

Die volgende spotprent deur Thomas Wright, 'n Amerikaanse kunstenaar, het in die *Miami News* verskyn. Dit is op 7 Desember 1975 in die *Washington Post* herdruk. Die spotprent beeld die USSR en Kuba se betrokkenheid in Angola gedurende die eerste fase van die Angolese Koue Oorlog uit, wat vanaf 1975 tot 1976 geduur het.




[Uit *Conflicting Missions – Havana, Washington, Pretoria* deur P Gleijeses]

**BRON 2C**

Hierdie bron fokus op 'n onderhoud tussen die Suid-Afrikaanse Eerste Minister, BJ Vorster, en 'n Amerikaanse joernalis, Arnaud de Borchgrave. Die onderhoud het gehandel oor Suid-Afrika se besluit om in die Koue Oorlog in Angola in te gryp. Dit is op 17 Mei 1976 in *Newsweek* gepubliseer.

Suid-Afrika, wat gewag het dat die Kubane suidwaarts inbeweeg in die vakuum wat hulle terugtrekking gelaat het, was bitter oor die Weste en die geheime swart Afrikabondgenote se gebrek aan openlike ondersteuning. Pieter Botha (Suid-Afrika se minister van verdediging), John Vorster en 'hoë amptenare' in Kaapstad het aan senior Suid-Afrikaanse joernaliste begin vertel dat Suid-Afrika op aandrang van die Verenigde State en sekere swart Afrikalande, veral Zambië en Zaïre, in Angola ingegryp het ...

En 'n onderhoud in daardie tyd tussen Vorster en senior *Newsweek*-joernalis, Arnaud de Borchgrave, het so verloop:

**De Borchgrave:** Sou dit akkuraat wees om te sê dat die VSA verlede herfs Suid-Afrika se hulp gevra het om die oorhand te help kry oor die Russe en Kubane in Angola?

**Vorster:** Ek wil nie daarop kommentaar lewer nie. Die Amerikaanse regering kan vir hulleself praat. Ek is seker jy sal verstaan dat ek nie die vertroulikheid van regering-tot-regering-kommunikasie kan skend nie. Maar as jy die stelling maak, sal ek dit nie ontken nie.

**De Borchgrave:** Sou dit ook akkuraat wees om te sê dat u die groen lig van Kissinger ontvang het vir 'n militêre operasie in Angola en dat ten minste ses gematigde swart presidente in Afrika hulle goedkeuring vir die operasie gegee het?

**Vorster:** As jy dit uit jou eie sê, gaan ek jou nie 'n leuenaar noem nie.

[Uit *Jonas Savimbi – A Key to Africa* deur F Bridgland]

**BRON 2D**

Hierdie bron is 'n uittreksel uit 'n toespraak wat Fidel Castro op 19 April 1976 gelewer het. Dit fokus op die redes vir Kuba se betrokkenheid by die Koue Oorlog in Angola.

Beroepsoldate uit Zaïre, aangehits deur die Verenigde State, het in die somer van dieselfde jaar (1975) Angolese gebied binnegeval, terwyl Suid-Afrikaanse militêre magte in Augustus die Kunene-gebied beset het en wapens en instrukteurs aan UNITA-groepe gestuur het.

Op daardie tydstip was daar nie 'n enkele Kubaanse instrukteur in Angola nie. Die eerste materiële hulp en die eerste Kubaanse instrukteurs het Angola aan die begin van Oktober op versoek van die MPLA bereik, toe Angola openlik deur buitelandse magte binnegeval is. Geen Kubaanse militêre eenheid is egter na Angola gestuur om direk aan die geveg deel te neem nie en dit was ook nie in die vooruitsig gestel nie.

Suid-Afrikaanse beroepsoldate het op 23 Oktober 1975, ook aangehits deur die Verenigde State en ondersteun deur tenks en artillerie, Angolese gebied oor die Namibiese grens binnegeval en diep in die land inbeweeg. Hulle het tussen sestig en sewentig kilometer per dag gevorder. Op 3 November het hulle meer as vyfhonderd kilometer in Angola ingedring ...

Die leierskap van ons party het op 5 November 1975 op versoek van die MPLA, besluit om met groot dringendheid 'n bataljon beroepsoldate met tenkafweerwapens te stuur om die Angolese patriotte (lojaliste) te help om die inval van die Suid-Afrikaanse rassiste te stuit. Dit was die eerste Kubaanse troepeenheid wat na Angola gestuur is.

[Uit *Cuba & Angola – Fighting for Africa's Freedom and Our Own* deur MA Waters (red.)]

## VRAAG 3: HOE HET AMERIKANERS OP DIE INTEGRASIE VAN CENTRAL HIGH SCHOOL IN LITTLE ROCK, ARKANSAS IN 1957 GEREAGEER?

### BRON 3A

Hierdie bron het in 'n bulletin verskyn wat op 25 September 1957 deur die skoolhoof van Central High School uitgereik is. Dit is getiteld 'What Should Students Do' ('Wat behoort leerders te doen') en het riglyne gegee oor hoe leerders hulle gedurende die integrasieproses by die skool moes gedra.

Dit is die tweede bulletin om sonder bespreking in julle registerklasse te lees. Die Federale Hof het gisteraand die Onderwysraad beveel om vandag met die integrasie van wit en Neger-leerders* (swart Amerikaners) op hoërskoolvlak te begin volgens die plan van beperkte integrasie wat deur die hof goedgekeur is en op appèl gehandhaaf is. Hierdie plan, wat deur die Federale Hof goedgekeur is, erken die verantwoordelikheid van die Onderwysraad om die hoë gehalte van onderwys in ons skole te behou. 'n Groep kwalifiserende Neger-leerders is vanjaar by Central High School ingeskryf om die voorskrifte van die hof uit te voer. Hierdie leerders sal moontlik vandag teenwoordig wees, of enige tyd in die toekoms. As 'n leerder aan Central High School het jy sekere verpligtinge teenoor jouself en jou gemeenskap. Jy moet jou verantwoordelikhede ken.

Jy het 'n verantwoordelikheid teenoor jouself:

(a) Jou eerste en onmiddellike taak is om onderrig van die hoogs moontlike gehalte te kry. Enige wanorde, verwarring, meningsverskil of stryery by of rondom die skool sal met klaskamerwerk inmeng. Sulke wanorde, wanordelike byeenkomste of oproerigheid op enige plek sal dit vir jou moeilik maak om te studeer. Ter wille van jou vordering by die skool, moet jy weier om by enige argumente of stryende groepe betrokke te raak.

(b) Enige persoon wat deur woord of daad met die ordelike uitvoering van 'n opdrag van die Federale Hof inmeng, kan van minagting van die Hof aangekla word en sal onderhewig wees aan arrestasie en vervolging deur die Federale Regering. Dit is 'n ernstige oortreding en is strafbaar met 'n boete, gevangenisstraf of beide. Enige uitjouery, betogings of dergelike wanorde kan as minagting van die hof beskou word. Dit is geen kleinigheid nie.

Jy het 'n verantwoordelikheid teenoor jou skool:

Central High School het 'n reputasie as een van die toonaangewende openbare hoërskole in die land. Dit is vir elkeen van ons belangrik om dit in daardie posisie te hou. Ons kan dit doen indien elke leerder en onderwyser stil met ons werk hier by die skool – leer en onderrig – voortgaan. Daar moet geen 'insidente' by die skool wees nie.

Jess W Matthews, prinsipaal

[Uit *Facing History and Ourselves Teaching Guide* deur Facing History and Ourselves National Foundation, Inc.]

***Neger: 'n Neerhalende (aanstootlike) term wat gebruik is om na swart Amerikaners te verwys**

**BRON 3B**

Hierdie foto toon 'n deel van 'n groep van ongeveer 60 tot 75 wit Amerikaanse leerders wat op 3 Oktober 1957 uit Central High School gestap het. Hulle was teen die skoolintegrasieproses gekant.




[Uit http://www.apimages.com/metadata/Index/Watchf-AP-A-AR-USA-APHS138229-African-American-/894c1234054f4e4eaf3227726557cf07/6/1. Toegang verkry op 28 Januarie 2015.]

**BRON 3C**

Hierdie bron is 'n uittreksel uit 'n artikel getiteld 'Fear is Portable' ('Vrees is draagbaar') deur Terrence J Roberts, wat een van die Little Rock-nege was. Dit fokus op sy ondervinding in 1957 in die Wiskunde (Algebra)-klas by Central High School.

Die Algebra-klas was vir my 'n toevlugsoord. Die onderwyseres, mev. Helen Conrad, het dit van die eerste dag af duidelik gemaak dat sy geen nonsens sou duld van enigeen wat teen my teenwoordigheid gekant was nie. Sy was uitdruklik daaroor en die klas het daarvolgens gereageer.

Dit was ook in hierdie klas waar ek Robin Woods ontmoet het, 'n wit leerder wat haar handboek met my gedeel het. Aangesien my boeke en ander skoolbenodigdhede gereeld deur ander leerders vernietig is, het ek dikwels klas toe gekom sonder enige benodigdhede. Robin het eenvoudig haar tafel teen myne geskuif en ons het haar boek gedeel, 'n daad wat haar ongewild gemaak het.

Haar goedhartigheid is geïnterpreteer as 'n verontagsaming van die sosiale kode wat enige kontak tussen swart leerders en wit leerders, veral swart seuns en wit meisies, verbied het.

Leerders wat met enigeen van ons nege bevriend geraak het, is as 'nigger lovers*' (Negerboeties) gebrandmerk en is verstoot deur diegene wat die ou orde wou behou.

Robin het nie toegelaat dat hierdie denkwyse in haar keuses inmeng nie.

[Uit *Facing History and Ourselves Teaching Guide* deur Facing History and Ourselves National Foundation, Inc.]

***Nigger (Neger): 'n Neerhalende (aanstootlike) term wat gebruik is om na swart Amerikaners te verwys**

**BRON 3D**

Hierdie bron is 'n verslag deur Ernest Green (een van die Little Rock-nege). Hy skets sy ondervindinge by die plegtigheid wat in 1958 by Central High School gehou is. Green was die eerste swart Amerikaanse leerder wat by Central High School gematrikuleer het.

Die plegtigheid was einde Mei. Ek was nege maande daar en het gedink al wat ek wou doen, was om te matrikuleer, om net daar weg te kom, sodat dit vir wit mense onmoontlik sou wees om te sê dat geen swart persoon ooit by Central High School gematrikuleer het nie ...

Martin Luther King was een van die gaste by die plegtigheid. Hy het in Pine Bluff, Arkansas, by die swart kollege daar gepraat. Hy het by my ma en mev. Bates en nog 'n paar ander vriende in die gehoor kom sit. Ek het gereken dat ek net oor daardie reusegroot verhoog moes loop, wat so lank soos 'n voetbalveld gelyk het. Ek het aangehou om vir myself te sê ek moet net nie struikel nie, met al daardie kameras wat my dophou. Maar ek het geweet sodra ek by die skoolhoof gekom en daardie diploma ontvang het, ek deur 'n muur gebreek het.

Daar was baie applous vir die leerders. Hulle het gepraat oor wie studiebeurse ontvang het, wie 'n toppresteerder was, en al daardie dinge terwyl hulle name uitgelees is. Toe hulle my naam lees, was daar niks nie, net die naam, en daar was 'n vreemde stilte. Niemand het hande geklap nie. Maar ek het gereken hulle hoef ook nie. Want nadat ek my diploma ontvang het, was dit verby. Ek het bereik waarvoor ek gekom het.

[Uit Voices *of Freedom – An Oral History of the Civil Rights Movement from the 1950s through the 1980s* deur H Hampton and S Fayer]

## ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Bridgland, F (1987). *Jonas Savimbi – A Key to Africa* (Paragon House, New York)

*Facing History and Ourselves Teaching Guide* (Facing History and Ourselves National Foundation, Inc.)

Fleming, DF (1961). *The Cold War and its Origins* (Doubleday, Garden City, New York)

Gleijeses, P (2003). *Conflicting Missions – Havana, Washington, Pretoria* (Galago, Alberton)

Hampton, H en Fayer, S (1990). *Voices of Freedom – An Oral History of the Civil Rights Movement from the 1950s through the 1980s* (Bantam, New York)

http://www.apimages.com/metadata/Index/Watchf-AP-A-AR-USA-APHS138229-African-American-/894c1234054f4e4eaf3227726557cf07/6/1

http://research.calvin.edu/german-propaganda-archive/schlugs13.htm

http://research.calvin.edu/german-propaganda-archive/eule61.htm

http://www.santacruzsentinel.com/ci_18674221

Liebenberg, BJ en Spies, SB (reds.) (1999). *South Africa in the 20th Century* (JL van Schaik, Pretoria)

Waters, M (red.) (2013). *Cuba & Angola – Fighting for Africa's Freedom and Our Own* (Pathfinder Press, New York)

Williamson, D (2001). *Germany from Defeat to Partition 1945–1963* (Pearson Education Limited, Harlow)

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V1

## FEBRUARIE/MAART 2016

## MEMORANDUM

**PUNTE: 150**

**Hierdie memorandum bestaan uit 23 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**1. BRONGEBASEERDE VRAE**

**1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | **30%<br>(15)** |

**1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

**1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae**

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓)
- Indien 'n vraag 4 punte tel word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui

**Paragraafvraag**

Paragrawe moet globaal (holisties) geassesseer word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (•) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate waartoe die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord, te evalueer.

- Maak regmerkies (✓), wat aan die kandidaat vir die paragraaf toegeken is, aan die einde van die paragraaf, sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos in die holistiese rubriek aangedui en gee kommentaar, bv.

  ______________●______________________●________________________
  ______________________●__________________________●____________
  __________________________●____________________________
  ✓✓✓✓
  Vlak 2
  Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf.
- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt onder in die regterkantse kantlyn, bv. (32/50)
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.

### 2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om 'n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

**2.4 Assesseringsprosedures van die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne/memorandum), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt in die nasienriglyn/memorandum) bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling _________________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie 1√

**2.5. Die matriks**

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die skryfwerk sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

## NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50

| AANBIEDING → / INHOUD ↓ | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7** Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6** Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5** Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4** Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3** Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2** Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1*** Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

### * Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/ totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord ; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: WAAROM HET DIE DUITSE DEMOKRATIESE REPUBLIEK IN 1961 BESLUIT OM DIE BERLYNSE MUUR TE BOU?

1.1

1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- In 1948 is 'n aparte geldeenheid in Wes-Berlyn ingestel
- In 1949 is die Wes-Duitse staat gestig
- 1954 het Wes-Duitsland by NAVO aangesluit
- 1958 het Wes-Berlyn besluite geneem oor atoomwapens (4 x 1) (4)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie (NAVO)
- Warskou-verdrag (2 x 1) (2)

1.1.3 *[Interpretasie van inligting uit Bron 1A – V2]*

- Die muur was 'n vredesmaatreël omdat Oos-Duitsland Wes-Duitsland gesien het as 'n bedreiging van hulle veiligheid
- 'n Groot aantal opgeleide werkers het Oos-Duitsland vir Wes-Duitsland verlaat en dit het beteken dat Wes-Berlyn gedreig het om die Oos-Duitse ekonomie te verlam (jaarlikse verlies van 3.5 miljoen mark)
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.1.4 *[Evalueer die betroubaarheid van Bron 1A – V3]*
**Kandidate moet aandui of die bron BETROUBAAR of NIE BETROUBAAR is nie en hulle antwoord met relevante bewyse ondersteun.**

**BETROUBAAR**

- Die bron is geskryf deur die Oos-Duitse regering en dit skets hulle siening van die situasie in Oos-Duitsland
- Die gebeure waarna verwys word in die uittreksel is uit hulle oogpunt feitelik korrek
- Enige ander relevante antwoord

**NIE BETROUBAAR NIE**

- Die bron is spesifiek geskryf om die Oos-Duitse siening met betrekking tot die Berlynse Muur te gee
- Die pamflet is in Engels (nie Duits nie) geskryf en is versprei in die Verenigde State van Amerika en Brittanje
- Dit gee die Oos-Duitse redes vir die bou van die muur, maar gee geen ander perspektief nie
- Die gebeure waarna verwys word in die uittreksel is feitelik korrek maar is deur Oos-Duitsland geïnterpreteer as dade van aggressie (selfs al was dit nie die geval nie)
- Enige ander relevante antwoord

(enige 2 x 2) (4)

1.2

1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*

- Glansende
- Kapitalisme
- Weelderig (enige 2 x 1) (2)

1.2.2 *[Verduideliking van 'n historiese begrip uit Bron 1B – V1]*

- 'n Ekonomiese stelsel gebaseer op privaatbesit van produksiemiddele (grond, fabrieke, besighede)
- 'n Ekonomiese stelsel wat aangevuur word deur die verhoging van profyt
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.2.3 *[Interpretasie van inligting uit Bron 1B – V2]*

- Die VSA wou verseker dat Wes-Berlyn 'n rolmodel vir kapitalisme in Europa was
- Om die lewensstandaard in Wes-Berlyn te verbeter
- Om te verhoed dat Wes-Berlyners in die versoeking kom om na Oos-Berlyn te verhuis
- VSA het hulle verbind om die vry mense van die wêreld te ondersteun via die Truman-leer en die Marshall-plan
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2.4 *[Interpretasie van inligting uit Bron 1B – V2]*

- Die lewenskwaliteit het geblyk beter in Wes-Berlyn te wees in vergelyking met Oos-Berlyn
- Oos-Berlyn het 'n tekort gehad van die vryhede wat mense in Wes-Berlyn geniet het
- Berlyn was 'n vrystad so meeste mense kon vrylik tussen die sektore beweeg
- Hulle wou nie onder kommunistiese regering lewe nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2.5 *[Onttrekking van inligting uit Bron 1B – V1]*

- Wes-Berlyn het 'n belangrike sentrum vir spioenasie en verspieding geword
- Wes-Berlyn was gesetel 'diep binne die vyand se gebied'
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 1) (2)

1.3

1.3.1 *[Analise van inligting in Bron 1C – V2]*

(a)

- Dit belowe 'n hoë lewensstandaard en lewenskwaliteit (heuning/ geld) maar in werklikheid was dit nie die geval nie
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

(b)

- Lewe in Oos-Duitsland word uitgebeeld as gemaklik en het alles wat 'n werker nodig het om te oorleef (geteken as bye wat in 'n roostuin bly)
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.3.2 *[Ontdekking van eensydigheid in Bron 1C – V3]*
- Die spotprent is geproduseer en gepubliseer in Oos-Duitsland waar anti-kommunistiese opposisie stilgemaak is
- Die prentjie stel lewe in Oos-Duitsland in 'n positiewe lig, dit is 'n teenstelling want Oos-Duitsers het in groot getalle uit Oos-Duitsland gevlug
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4
1.4.1 *[Onttrekking van inligting uit Bron 1D – V1]*
- Groot getalle mense het uit Oos-Duitsland deur die oop grensgebied in Berlyn gevlug
- Daar was onrus en ontevredenheid in die fabrieke
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 1) (2)

1.4.2 *[Interpretasie van inligting uit Bron 1D – V2]*
- Ulbricht versoek toestemming van die Warskou-pakt lande om die grensgebied in Berlyn te sluit, vandaar sou vryheid en beweging beperk wees
- Die Berlynse Muur is op 13 Augustus 1961 gebou
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit.

- Die Duitse Demokratiese Republiek het die 'anti-fasistiese muur' gebou omdat hulle geglo het dat die Westerse magte die vrede bedreig het (Bron 1A)
- Die Oos-Duitsers het Wes-Duitsland gesien as 'n bedreiging van veiligheid (Bron 1A)
- Die optrede van die Westerse moondhede in Berlyn en Wes-Duitsland is gesien as dade van aggressie (Bron 1A)
- Groot getalle opgeleide professionele persone het Oos-Duitsland via die vrystad Berlyn verlaat (Bron 1A en 1D)
- In die konteks van toenemende Koue Oorlog-spanning het die muur militêre konflik tussen opponerende magte verhoed (Bron 1A)
- Westerse magte het probeer om Oos-Duitse werkers aan te moedig om na die Weste te vlug/ het hulle met beloftes van 'n beter lewenskwaliteit gelok (Bron 1C)
- Die Weste het Wes-Berlyn gebruik as 'n sentrum vir spioenasie om op Oos-Duitsland te spioeneer en om anti-kommunistiese propaganda te versprei (Bron 1B)
- Die Duitse Demokratiese Republiek het die Berlynse Muur gebou om te voorkom dat mense Oos-Duitsland via Oos-Berlyn verlaat (Bron 1B)
- Kommunisme is as 'n minder aanloklike lewenswyse as kapitalisme beskou (Bron 1B en 1C)
- Oos-Duitsers/Berlyners was meer aangetrokke tot die beter lewenskwaliteit in kapitalistiese Wes-Berlyn (Bron 1B en 1D)
- Die Oos-Duitse ekonomie was in die gevaar om ineen te stort omdat so baie geskoolde en professionele mense probeer het om na die Weste te gaan (Bron 1A, 1C en 1D) so 'n muur was die enigste manier om die uitstroming te stop
- Die Oos-Duitsers het probeer om grond te kollektiviseer en privaat eienaarskap te voorkom wat daartoe gelei het dat mense na die Weste gevlug het

- Die outoritêre regime en 'n gebrek aan vryheid in Oos-Duitsland het veroorsaak dat mense na die Weste gevlug het, die muur het hierdie uitstroming van mense gekeer (Bron 1B en 1D)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor waarom die Duitse Demokratiese Republiek besluit het om die Berlynse Muur in 1961 te bou.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp bv. **toon begrip oor waarom die Duitse Demokratiese Republiek besluit het om die Berlynse Muur in 1961 te bou.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip oor waarom die Duitse Demokratiese Republiek besluit het om die Berlynse Muur in 1961 te bou.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 2: WAAROM HET SUID-AFRIKA EN KUBA NA 1975 BY DIE KOUE OORLOG IN ANGOLA BETROKKE GERAAK?**

2.1

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- Rusland
- Kuba (2 x 1) (2)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- Russe en Kubane gaan Angola binne
- Russe en Kubane het in die sake van Angola ingemeng
- Russe en Kubane het die mense van Angola onderdruk
- Vorster wou voorkom dat Kuba en die MPLA beheer oorneem van die damme tussen Ruacana and Caleque (enige 3 x 1) (3)

2.1.3 *[Vergelyking van bewyse en die vasstelling van verskille tussen die bewerings in Bron 2A – V3]*
- Vorster het beweer dat dit die betrokkenheid van Rusland en Kuba in Angola was wat aanleiding gegee het tot Suid-Afrika se ingryping in Angola (paragraaf 1)
  terwyl Liebenberg en Spies aangedui het dat dit Suid-Afrika se begeerte was om te voorkom dat 'n vyandige MPLA regering beheer in Angola oorneem (paragraaf 2)
- Vorster het aangedui dat Suid-Afrika ingegaan het om te voorkom dat Kuba en die MPLA beheer oor die damme neem (paragraaf 1)
  terwyl Liebenberg en Spies aandui dat dit nie die Russe en Kubane was wat geïnteresseerd was in die damme, maar eerder SWAPO (paragraaf 2)
- Vorster het beweer dat die Russe en Kubane die mense van Angola ondermyn en onderdruk het (paragraaf 1)
  terwyl Liebenberg en Spies aandui dat daar amper geen Russe en net 'n paar Kubane in die land was toe Suid-Afrika Angola ingeval het (paragraaf 2)
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- President Kaunda
- President Mobutu (2 x 1) (2)

2.2

2.2.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*
- Kubaanse ingryping was van 'n militêre aard soos getoon deur die geweer in Castro se hande en die uniform wat hy aanhet
- Rusland het Kuba beheer en hulle gedwing om in te gryp soos getoon deur die opwensleutel op Castro se rug
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2.2 *[Evaluering van die beperkings van Bron 2B – V3]*

- Die spotprent kan eensydig wees want dit gee slegs 'n Amerikaanse kunstenaar se siening
- Die spotprent toon slegs die Kubaanse en USSR ingryping in Angola, terwyl Suid-Afrika en ander lande ook betrokke was in die Angolese oorlog, maar nie getoon word nie
- Die USSR word getoon as die dryfveer agter Kuba, geen vermelding word gemaak van Amerika se rol in die ondersteuning van Suid-Afrika se ingryping in Angola
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3

2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*

- Bitter/ongelukkig (1 x 2) (2)

2.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C - V2]*

- Die VSA speel 'n belangrike rol in die verskaffing van wapens en inligting die SAW en as Vorster sou praat oor die VS se bystand kon Suid-Afrika sy versterking en ondersteuning verloor
- Die VS regering kon gekritiseer word op die internasionale verhoog vanweë sy ondersteuning aan die apartheid regime
- Amerikaanse burgers was nie ingelig oor die rol wat hulle regering in die Koue Oorlog in Angola gespeel het
- Die Suid-Afrikaanse regering wou nie die vertroulikheid van sy kommunikasie met die VS regering verbreek nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*

- Toe Vorster gekonfronteer is deur die bewering dat die VSA versoek het dat Suid-Afrika help in Angola het hy gesê dat, 'as jy die stelling maak, sal ek dit nie ontken nie.'
- Toe Vorster gekonfronteer is deur die beskuldiging dat Kissinger die groen lig gegee het vir Suid-Afrika se militêre operasie in Angola het hy geantwoord dat, 'As jy dit uit jou eie uit sê, gaan ek jou nie 'n leuenaar noem nie.' (2 x 1) (2)

2.3.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*

- Sommige Afrika-presidente het nie die kommunistiese ideologie ondersteun nie
- Sommige Afrika-presidente het nie die MPLA-regering in Angola ondersteun nie
- Sommige Afrika presidente het alleenlik die SAW se ingryping om UNITA en die FNLA te help ondersteun
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4

2.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*

- Zaïre (1 x 1) (1)

2.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D - V2]*

- Castro het geglo dat Amerika Zaïre die opdrag gegee het om troepe na Angola te stuur
- Castro het geglo dat Amerika Suid-Afrika die opdrag gegee het om troepe, tenks en artillerie na Angola te stuur
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.4.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*

- MPLA was 'n kommunisties georiënteerde regering
- Om Kubaanse belange in Angola te beskerm
- Die Angolese gewapende magte (FAPLA) was nie in staat om die Suid-Afrikaanse troepe se inval te voorkom nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*

(a)

- Angolese 'patriot' (1 x 1) (1)

(b)

- Suid-Afrikaanse 'rassiste' (1 x 1) (1)

2.5 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit.

- Volgens Vorster het Suid-Afrika in die Koue Oorlog in Angola deelgeneem as gevolg van die USSR en Kuba se betrokkenheid (Bron 2A)
- Volgens Vorster het Suid-Afrika in die Koue Oorlog in Angola ingegryp as gevolg van die bedreiging van die damme tussen Ruacana en Caleque (Bron 2A)
- Suid-Afrika het betrokke geraak as gevolg van die bedreiging van 'n vyandige MPLA regering (Bron 2A)
- Suid-Afrika het in Angola ingegryp om die FNLA en UNITA te ondersteun (Bron 2A)
- Volgens Fidel Castro het Suid-Afrika in Angola ingegryp in antwoord op 'n versoek deur die VSA (Bron 2C)
- Suid-Afrika het ander 'gematigde Afrika presidente' wat teen die MPLA regering in Angola geveg het, ondersteun (Bron 2D)
- Volgens Vorster het Kuba betrokke geraak in Angola om die land te onderwerp en die mense deur kommunisme te onderdruk (Bron 2A)
- Kuba het betrokke geraak om kommunisme in Afrika te versprei (eie kennis)
- Die USSR het Kuba beveel om in die Koue Oorlog in Angola deel te neem (Bron 2B)
- Volgens Castro is Cuba deur die MPLA versoek om te help om Suid-Afrika se inval in Angola te keer (Bron 2D)
- Enige ander relevante antwoord.

Kopiereg voorbehou 

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor waarom Suid-Afrika en Kuba na 1975 in die Koue Oorlog in Angola betrokke geraak het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp bv. **toon begrip oor waarom Suid-Afrika en Kuba na 1975 in die Koue Oorlog in Angola betrokke geraak het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip oor waarom Suid-Afrika en Kuba na 1975 in die Koue Oorlog in Angola betrokke geraak het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 3: HOE HET AMERIKANERS OP DIE INTEGRASIE VAN CENTRAL HIGH SCHOOL IN LITTLE ROCK, ARKANSAS, IN 1957 GEREAGEER?**

3.1

3.1.1 *[Verduideliking van 'n historiese begrip uit Bron 3A – V1]*

- 'n Proses wat swart Amerikaanse leerders toelaat om Central High School saam met wit Amerikaanse leerders by te woon
- 'n Proses om Central High School te desegregeer sodat swart Amerikaanse leerders die skool kan bywoon
- 'n Proses wat segregasie by Central High School, 'n voormalige eksklusief slegs blanke skool te beëindig, deur die insluiting van swart Amerikaanse leerders toe te laat
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- Dit het 'n groep gekwalifiseerde en vooraf gekose swart Amerikaanse leerders by Central High School ingeskryf
- Dit het besluit om Central High School vanaf 1957 te integreer soos beveel is deur die Hooggeregshof beslissing (1 x 2) (2)

3.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*

- Om swart Amerikaanse leerders as mede leerders te aanvaar
- Om hulle te weerhou daarvan om rusie te veroorsaak of die skool te ontwrig
- Om hulle te weerhou daarvan om die risiko te neem om gearresteer te word vir wanordelike gedrag
- Om op hulle studies te konsentreer en nie betrokke te raak in ontwrigtende insidente by die skool nie
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

3.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A– V2]*

- 'Ons kan dit doen indien elke leerling en onderwyser ons besigheid by hierdie skool – leer en onderrig, met stilswye sal doen' (1 x 2) (2)

3.2

3.2.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*

- Om te toon dat wit Amerikaanse leerders teen integrasie by Central High School was
- Om te toon dat wit Amerikaners die integrasie van Central High School afkeur en nie bereid was om hulle onderwyshulpmiddels te deel nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*

- Om die besluit wat deur die skoolraad geneem is – om die skool te desegregeer, uit te daag
- Om teen die desegregasie van Central High School te protesteer
- In protes teen die teenwoordigheid van swart Amerikaanse leerders by Central High School
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.3 *[Evalueer die verskille tussen Bron 3A en 3B – V3]*

- Bron 3A beweer dat leerders gewaarsku is om nie enige wanorde of verwarring te veroorsaak nie maar in Bron 3B word konserwatiewe Amerikaanse wit leerders gesien wat chaos by die skool veroorsaak deur in protes teen integrasie van Central High School uit te marsjeer
- Bron 3A dui aan dat betogings beskou sou word as minagting van die hofbevel, maar Bron 3B toon konserwatiewe wit Amerikaanse leerders by Central High School wat betoog teen die integrasie by Central High School
- Bron 3A versoek dat leerders die reputasie van Central High School onderhou as 'n toonaangewende openbare skool, maar die 'insident' in Bron 3B het die reputasie van die skool vernietig
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.4

3.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*

- Sy het dit van die eerste dag af in die Algebra klas duidelik gemaak dat sy geen teenkanting teen integrasie sou duld nie (1 x 1) (1)

3.4.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*

- Sy het haar handboek met Roberts gedeel
- Sy het haar 'haar bank langs myne geskuif en ons het haar boek gedeel'
- Sy was vriendelik met swart Amerikaanse leerders (3 x 1) (3)

3.4.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3C – V2]*

- Central High School is gereserveer vir wit Amerikaanse leerders en met die toelating van swart Amerikaanse leerders is die sosiale kode geskend.
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.4.4 *[Evaluering van die bruikbaarheid van Bron 3C – V3]*

**Die bron is bruikbaar omdat:**

- Dit 'n uittreksel is wat die daadwerklike woorde van Terrence J Roberts bevat
- Dit 'n verslag is van iets wat in een van Roberts se klasse gebeur het en nuwe insig gee oor die gebeure wat by Central High School plaasgevind het
- Dit insig gee in die daaglikse ondervindinge van die Little Rock Nine by Central High School
- Dit die effek wat rasse diskriminasie op swart Amerikaanse leerders gehad het aandui
- Die inligting ooreenkom met ander bronne oor dieselfde onderwerp
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5

3.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*

- Dit sou onmoontlik wees vir wit Amerikaners om te sê dat swart Amerikaners nooit by Central High School gegradueer het nie
- Hy was die eerste swart Amerikaner ooit wat by Central High School gegradueer het

(enige 2 x 1) (2)

3.5.2 *[Analise van bewyse uit Bron 3D – V2]*

- Hy was die eerste swart Amerikaanse leerder wat na integrasie by Central High School gegradueer het
- Sy graduering het geïmpliseer dat desegregasie by Central High School 'n suksesstorie was
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*

- Daar was 'n onheilspellende stilte
- Niemand het geklap nie (2 x 1) (2)

3.5.4 *[Analise van bewyse in Bron 3D – V2]*

- Hy het gevoel dat hy sy doel bereik het
- Hy het nie omgegee of die wit Amerikaanse gehoor applous gee vir sy sukses nie
- Hy het nie omgegee dat sy prestasies nie erken is nie
- Hy wou die skool so gou as moontlik verlaat want hy het sy doel bereik
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne* – V3]
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Wit Amerikaanse leerders is gewaarsku om nie wanorde of betogings by Central High School te veroorsaak nie (Bron 3A)
- Hulle het die skoolbulletin wat gedien het as 'n riglyn oor hoe leerders hulle self moes handhaaf, ondermyn (eie kennis)
- Ongeveer 60-75 konserwatiewe wit Amerikaanse leerders het uit die skool gemarsjeer in protes teen die integrasie van Central High School op 3 Oktober 1957 (Bron 3B)
- Wit Amerikaanse leerders in 'n Algebra klas het die teenwoordigheid van 'n swart Amerikaanse leerder, Terrence Roberts, aanvaar (Bron 3C)
- 'n Wit Amerikaanse leerder, Robin Woods, het haar handboeke met 'n swart Amerikaanse leerder gedeel (Bron 3C)
- Wit Amerikaanse ouers het nie vir Ernest Green gelukgewens toe hy gegradueer het en sy diploma ontvang het in Mei 1958 (Bron 3D)
- Swart Amerikaners het die integrasie van Central High School as a oorwinning vir die Burgerregtebeweging beskou (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor hoe Amerikaners reageer het op die integrasie van Central High School in Little Rock in 1957.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp bv. **toon begrip oor hoe Amerikaners reageer het op die integrasie van Central High School in Little Rock in 1957.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip oor hoe Amerikaners reageer het op die integrasie van Central High School in Little Rock in 1957.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

### VRAAG 4

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet aandui hoe die Noord-Viëtnamese (Viëtminh) die Nasionale Vryheidsfront (Viëtkong) ondersteun het om hulle land te bevry van Amerikaanse ingryping. 'n Analise oor hoe die Viëtkong in staat was om die VS weermag te oorwin moet gedoen word. Die taktieke en strategieë wat gebruik is deur die VSA se weermag en die Viëtminh tesame met die Viëtkong (Nasionale Vryheidsfront) gedurende die oorlog moet geskets word en ook uitgelig word.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:
- Inleiding: Kandidate moet hierdie bewering krities bespreek en 'n geskikte argument volg.

UITBREIDING

**Doel van die Viëtminh en die Viëtkong in die verdediging van Viëtnam**
- Viëtnamese was verenig/patrioties/nasionalisties in die verdediging van hulle land teen die VS
- Noord-Viëtnam het militêre ondersteuning van die USSR en Sjina ontvang en daarom het die Viëtminh en die Viëtkong toegang gehad tot moderne wapens
- Guerrilla oorlogvoering is effektief gebruik deur die Viëtkong, ondersteun deur Viëtminh van die noorde en het taktieke soos lokvalle, ondergrondse tonnels, tref en trap en sabotasie gebruik
- Sterk leierskap in die Viëtkong onder Giap, het tot verdedigende aanvalle op die VS weermag gelei
- Tet offensief (1968) is deur Viëtminh en Viëtkong teen stedelike sentrums en VSA basisse regdeur Viëtnam geloods
- Die plaaslike Viëtnamese bevolking het die Viëtkong ondersteun om hulle land te bevry
- Ho Chi Minh Trail is gebruik deur Viëtminh (noord) om die Viëtkong te ondersteun in die Suide
- Die Viëtkong verhoog sy ondersteuningsbasis as gevolg van die taktieke wat teen VS soldate gebruik is
- Enige ander relevante antwoord

**Doel van die VSA in Viëtnam**
- Ingegryp in Viëtnam om die verspreiding van kommunisme na Asië te stop/ oorlog teen die domino effek
- 'Villagisation' (1963) (VSA en Suid-Viëtnam regering het nuwe dorpe gestig en probeer om dorpenaars van guerrillas te skei) wat 'n mislukking was
- Golf van Tonkin Resolusie (1964) het President Johnson wye militêre mag gegee wat gelei het tot die uitbreiding van oorlogvoering
- Die VSA onderneem massa lug bombardering 'Operasie Rolling Thunder' (konvensionele oorlogvoering)

- 'Operasie Ranch Hand' (het chemikalieë gebruik om woude (Agent Orange) en gesaaides (Agent Blue) te verwoes
- Die VSA het jong en onervare soldate na Viëtnam gestuur
- Die VS gebruik soek en vernietig missies (My Lai slagting) om dorpe ondersteun deur die Viëtkong uit te roei en wat lei tot groot burgerlike sterftes
- Die rol van die media, studente en ontwapeningsbewegings plaas druk op die VS regering om uit Viëtnam te onttrek
- President Nixon se Viëtnamiseringsbeleid/ insluitend WHAM (Winning the hearts and minds of the Viëtnamese) was 'n poging deur die VSA om van die oorlog te onttrek om hulle aansien te red
- Die VSA het alle troepe teen 1973 uit Viëtnam onttrek en Noord-Viëtnam neem beheer oor Saigon in 1975 wat lei tot Viëtnam wat onder kommunistiese regering verenig is
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat

**[50]**

**VRAAG 5**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
In hierdie opstel moet kandidate verduidelik hoe die leierskap van Mobutu Sese Seko en Julius Nyerere 'n impak op politieke en ekonomiese ontwikkeling in die 1960's respektiewelik in die Kongo en Tanzanië gehad het. Hulle moet relevante ekonomiese en politieke voorbeelde gee om hulle argument te ondersteun.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:
- Inleiding: Kandidate moet hulle argument vasstel deur te verduidelik tot watter mate die leierskapkwaliteite van Mobutu Sese Seko en Julius Nyerere 'n impak gehad het op die politieke en ekonomiese ontwikkeling respektiewelik in die Kongo en Tanzanië.

UITBREIDING

**Politieke stabiliteit**
Eenderse leierskapkwaliteite
- Beide die Kongo en Tanzanië was onder Europese koloniale regering tot die vroeë 1960's
- Nadat veelparty verkiesings gehou is teen onafhanklikheidswording het beide lande binne die eerste vyf jaar van onafhanklikheid eenpartystate geword
- Beide lande het aangehou om verkiesings te hou
- Beide leiers benadruk die belangrikheid van die Afrikanisasie van hulle politieke sisteme (hulle beskou demokrasie as 'onafrikaans' en 'n Westerse instelling)
- Beide Sese Seko en Nyerere was trots daarop om hulle nasies te bou en het die trots om 'n Zaïrees of Tanzaniër te wees flink bevorder
- Die leiers van beide lande het 'lewenslange presidente' gebly tussen die 1960's en 1970's
- In beide lande is opposisie leiers stilgemaak, gevange geneem en in sommige gevalle vermoor om 'stabiliteit' te behou
- Enige ander relevante antwoord

Verskillende leierskapkwaliteite
- Mobutu Sese Seko skep 'n kleptokrasie waar 'n groep aangestelde openbare amptenare hulle posisie uitgebuit het vir finansiële gewin terwyl Nyerere die 'Leierskapkode' in die Arusha Verklaring, wat hoë vlakke van integriteit van openbare amptenare vereis het, ingestel het
- Mobutu Seso Seko was uitspattig en het duur klere geniet en het vir hom paleise gebou terwyl Nyerere se leierskapstyl een van persoonlike integriteit en nederigheid was
- Mobutu Sese Seko het hom vereenselwig met die Weste terwyl Nyerere 'n beleid van onverbondenheid met albei kapitalistiese of kommunistiese lande aangeneem het
- Enige ander relevante antwoord

**Ekonomiese ontwikkeling**
Eenderse leierskapkwaliteite

- Beide land het swaar op landbou en minerale ontginning gesteun en nie een land was in staat om te ontwikkel in 'n geloofwaardige vervaardigingsektor nie
- Nie een van die twee lande het 'n betekenisvolle styging in die lewenstandaard van die meerderheid van hulle mense gesien nie
- Beide lande ondervind 'n ekonomiese krisis en maak daarom staat op buitelandse bystand/ hulp
- Enige ander relevante antwoord

Verskillende leierskapkwaliteite

- Mobutu Sese Seko het aanvanklik nywerhede genasionaliseer met sy beleid van Zaïrenasie maar toe dit misluk het, het hy 'n kapitalistiese model aangeneem terwyl Nyerere 'n model van Afrika-sosialisme (soos uiteengesit in die Arusha Verklaring) wat tot die nasionalisering van besighede en grond gelei het, aangeneem het
- Mobutu Sese Seko het bystand, belegging en finansiële ondersteuning van die Weste (bv. VSA en Frankryk) aanvaar terwyl Nyerere aanvanklik gekant was teen buitelandse bystand en dit beskou het as neokolonialisme
- Mobutu stig 'n nuwe klas elite ondersteuners terwyl Nyerere probeer om Tanzanië van klasseskeiding te bevry
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat

**[50]**

**VRAAG 6**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet die rol wat die Black Panther-party (en andere) gespeel het in die opkoms van 'Swartmag' in die VSA in die 1960's verduidelik. Kandidate moet aandui dat die Black Panther-party nie alleen verantwoordelik was vir die opkoms van 'Swartmag' in die VSA in die 1960's nie.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:
- Inleiding: Kandidate moet aandui dat die Black Panther-party nie alleen verantwoordelik was vir die opkoms van 'Swartmag' in die VSA in die 1960's nie.

UITBREIDING

**Die filosofie van die Swartmagbeweging**
- Het geglo in konsepte soos selftrots, selfwaarde/selfrespek/selfhulp wat in swart Amerikaners ingeboesem moet word
- Beginsels van Swartmag (doen dinge self; beheer politiek in hulle gemeenskappe; wees trots op hulle eie kultuur en verdedig hulle self) teen rasse onderdrukking en manipulasie
- Bevordering van swart belange en sorge
- Die filosofie van Swartmag het as 'n poging om swak lewensomstandighede van swart Amerikaners aan te spreek opgekom
- Enige ander relevante antwoord

**Die rol van die Black Panther-party**
- Die Black Panther-party (BPP) is in 1966 deur Bobby Searle en Huey Newton gestig
- BPP was betrokke in die instelling en ondersteuning van Swartmagprogramme, i.e. gemeenskapsprogramme en voedingskemas (anti-armoede-sentrums); onderneem programme wat verantwoordelik was vir die verdediging van swart Amerikaners teen polisie brutaliteit; het op sosio-ekonomiese toestande van swart Amerikaners gefokus en het ook verskeie gemeenskap oorlewingsprogramme aan die gang gesit
- Die Tien Punt-plan het gedien as die manifes van die Black Panthers en het hulle maatskaplike, politieke en ekonomiese doelwitte en mikpunte bevat
- Die Tien Punt-plan se doelwit was om te verseker dat swart Amerikaners gelyke onderwys, behuising, werkverskaffing en burgerregte verkry deur die versoek vir vryheid, volle indiensneming, behoorlike behuising, die behoefte om die werklike geskiedenis van swart Amerikaners te leer, polisie brutaliteit te beëindig, moorde op swart Amerikaners te beëindig en gratis gesondheidsorg
- Die Black Panther-party het betrokke geraak in straatpatrollies; het polisieaktiwiteite gemonitor en hulleself beskerm deur gewere te dra (militante benadering) om die aanhoudende polisie brutaliteit en teistering van jong stedelike swart Amerikaanse mans te stop
- Enige ander relevante antwoord

**Die rol van Malcolm X:**
- Malcolm X het geglo in swart afsondering/skeiding en selfbeskikking (swart nasionalisme) hy het selfrespek en selfdissipline bepleit
- Vra vir selfgelding (aggressiwiteit) in hulle rewolusie teen onderdrukking bv. rasseopstande in Watts, Detroit
- Wou hê dat swart Amerikaners opstaan teen wit owerhede en outoriteit in die strewe na vryheid, geregtigheid en gelykheid 'deur watter maniere ook al noodsaaklik is'
- Bevorder die gebruik van geweld as 'n manier van verdediging teen diegene wat swart Amerikaners aanval
- Die Black Panther-party het Malcolm X se opvatting van eenheid onder die internasionale werkersklas gevolg
- Enige ander relevante antwoord

**Die rol van Stockely Carmichael:**
- Hy het in 1966 die voorsitter van SNCC (Student Non-violent Coordinating Committee) geword en besluit om die leringe van die Swartmagbeweging te aanvaar
- Het nie 'Swartmag' uitgevind nie, maar het dit gewild gemaak
- In 1966 het hy die Swartmag slagspreuk 'Black is beautiful' gewild gemaak en het 'Swart trots' bevorder
- Hy het geglo dat die strategie van geweldloosheid misluk het vanweë die aanhoudende geweld wat deur wit Amerikaners teenoor swart Amerikaners gebruik is
- Hy is 'n voorstander daarvan dat 'wit liberales' uitgesluit word in die filosofie van swart Amerikaners
- Was ten gunste van Afrikadrag en Afrikahaarstyle as 'n simbool van swart trots
- Carmichael het by die Black Panther-party (vir selfverdediging), wat die filosofie van Swart Mag in werking gestel het, aangesluit
- Hy is verkies as 'erepremier' van die Black Panther-party
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat

**[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou